# Waterkruik

JAARGANG 56 NO 15 14 April AD 2019

***KOLLEKTE BY DIE DEURE***

***Vandag:*** **Emeritaatsversorging**

Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

***Volgende Sondag:***

**GKSA Sustentasiefonds**

Doel: Om kerke wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie by te staan sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan en om nuwe voorposgemeentes te stig waar die Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

***DIENSBEURTE***

***Vandag:*** Wyke 13 & 14
*Ouderlinge:* Piet Robbertse en Frans Schutte
*Diaken*: Andre Els

***Volgende Sondag:*** Wyke 15 & 16
*Ouderlinge:* Juan Mienie en Johan Hoogendyk
*Diaken:* Joryn van Staden

***TEESKINKBEURTE***

Dankie aan die susters van wyk 13 & 14 wat vanoggend tee en koffie bedien o.l.v. Marianna du Plessis en Somien Smit.

Volgende Sondag is dit 'n langnaweek.

Sondag 28 April is dit die beurt van wyk 7 o.l.v. Lisl Lindeboom.

***Program vir die week***

***Maandag***

Katkisasie vir hoërskoolleerders soos gereël.

18:00 Klassisvergadering

***Donderdag***

**Bybelstudiegroepe**

**08:30** Groep 1: In die Konsistorie
**09:30** Groep by Nasarethhuis
**10:15** Groep 2: In die Konsistorie
**18:30** Groep 3 by die Pastorie
**19:30** Kerkjeugaksie vir jongmense tot ongeveer 30 jaar: in die Pastorie.
*Groepe 1, 2 en 3 doen voorbereiding vir die komende Sondag se preek*.

***Vrydag***

09:00 Goeie Vrydag erediens

## *EREDIENS GOEIE VRYDAG 19 APRIL*

Eerskomende Goeie Vrydag, 19 April 2019 om 09:00, vind daar 'n gesamentlike erediens met die Gereformeerde Kerk Alkantrant plaas. Die erediens sal deur ds. Dirk Kotzee gelei word. Die kerkfgebou is geleë in Koelmanweg 168, Ashley Tuine. GPS: S25.46.868. O28.6.021

## *VERJAARSDAE*

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Deurgrond my, o God, en ken my*
*hart; toets my en ken my gedagtes;*
*. . . en lei my op die ewige weg!"*
*Psalm 139:23-24*

*Vandag*
Sr. Cara Nel 082 506 2241

*Maandag 15 April*
Br. Tjaart van der Walt 082 344 5630
Sr. Marianna du Plessis 063 076 9135
Sr. Michelle Fogwill 082 325 8399
Stefan le Roux (8) 082 901 6167

Br. Riaan Moolman 083 658 0540
Sr. Surita v d Merwe 082 416 4954

*Dinsdag 16 April*
Sr. Grietjie J v Vuuren 082 213 7927
Sr. Joey Lindeboom 082 446 5927
Br. Deon v d Merwe 082 498 9853

*Woensdag 17 April*
Nina van der Walt (1) 082 872 5603
Sr. Henda Blom 083 460 7287
Br. Coenraad Coertze 072 339 2969
Sr. Rentia Myburgh 082 373 3981

*Donderdag 18 April*
Br. Wikus du Plessis 082 807 6945

*Vrydag 19 April*
Schalk Heymans (15) 083 653 5037

*Besondere gelukwense aan br. Tjaart van der Walt wat môre sy 87ste verjaardag vier. Mag die Here u ryklik seën in die nuwe lewensjaar en mag u elke dag God se liefde en genade ervaar. Ons wens u 'n mooi dag toe saam met u geliefdes.*

## ***MEELEWING***

Hartlik geluk aan *Richardt en Chené Keyser* met die geboorte van hulle seuntjie, *Heinrich*. Mag die Here hom ryklik seën en mag hy vir julle en sy sussie *Kaylin* en julle familie groot vreugde verskaf.

Br. *Coen Coertze* was in die hospitaal vir toetse en sterk tuis aan. Ons bid jou krag en sterkte toe. 072 339 2969

Sr. *Kotie Prinsloo* verduur nog baie ongemak nadat sy haar arm gebreek het. Ons vertrou dat die arm spoedig sal aangroei. 074 454 8223

Dit is hartseer om te verneeem dat *sr. Alida Steenekamp* se gesondheid baie agteruit gegaan het. Sy is steeds in die intensiewe sorg in Pretoria Oos hospitaal. Ons bid haar en Roelf en hulle kinders genade, krag en sterkte toe. 083 303 9693

## ***ATTESTATE***

Met attes het vertrek na Strand gemeente, *Louis en Elaine Nel.*

Met attes het by ons aangesluit *Toy en Marianne Kruger*. Hartlik welkom in ons midde. Ons vertrou dat julle gou deel sal voel van die Waterkloofrandfamilie.

*" Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan U teenwoordigheid te ontkom ? Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar. Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,* ***ook daar lei U hand my, hou U regterhand my vas****"*

(Psalm 139: 7-10).

## ***DIE KUIERKAFEE***

*Die* ***Kuierkafee*** *se deure is weer oop op* ***30 April om 10:00*** *in die* ***kerksaal****. Daar gaan heerlik gekuier word met 'n koppie tee/koffie en lekker eetgoed.*
*Kom deel asseblief* ***herinneringe*** *uit jou verlede met ons, hetsy nostalgies, vrolik, grappig of selfs hartseer. Ons gaan saam lag, huil of verlang na die goeie ou dae.*
*Almal is welkom! Dis altyd 'n lekker gesellige oggend.*
*Skakel asseblief vir Rika le Roux, 082 675 0979, indien jy meer inligting verlang.*

## ***WAT BETEKEN DIE KRUIS VIR ONS?***

In Paulus se geskrifte speel Jesus Christus se kruis so 'n belangrike rol dat Paulus se teologie met reg 'n kruisteologie genoem word. In 1 Korintiërs 15 kom Paulus tot die slotsom dat die twee pilare waarop die evangelie rus, Christus se dood en opstanding is. Dit is die boustene van God se verlossingsdplan en die absolute minimum waarsonder dit nie meer die evangelie is nie. Deur sy "woord van die kruis" (1 Kor. 1:18) herinner Paulus ons

deurlopend daaraan dat die opgestane Christus niemand anders as die gekruisigde Christus is nie.
Die kruis is nie net 'n simbool van Jesus se sterwe nie, dit is ook simbool van Jesus se lewe, van hóé hy gelewe het. Kruisdood is 'n skande dood en daarom simbool van die vloek van die sonde wat Jesus namens ons gedra het. Dit is ook simbool van Christus se oorwinning oor die bose, oor die magte. Dit is simbool van ons vernedering saam met Christus, maar in 'n sin ook van ons oorwinning oor die bose, die magte, die wêreld en onsself. Dit is ten slotte simbool van 'n lewensbeginsel vir Christene om uit te lewe.

## ***BYBELS VIR U EVANGELISASIEWERK***

Daar is nog 'n aantal Bybels in Engels en kategismusboekies in Engels beskikbaar met die oog op die bevordering van evangelisasiewerk.

Indien u bewus is van 'n persoon wat daarby kan baat, nooi ons u uit om na die erediens vanoggend 'n Bybel en 'n boekie in die Konsistorie te gaan afhaal. (LW die Bybels en boekies is nie vir u persoonlike gebruik bedoel nie).

## ***INTERNASIONALE SAMEWERKING TUSSEN GEREFORMEERDE KERKE***

Ons het reeds in 'n vorige uitgawe berig oor dr Douw se betrokkenheid by die komitee vir teologiese opleiding van die ICRC en die vergadering in dié verband wat hy laasweek in die VSA saamgeroep het. As agtergrond gee ons graag enkele van die opdragte wat aan hierdie **Theological Education Committee** gegee is.

Die Komitee "… consisting of five members (with two alternates), (to) assist the Conference in facilitating and promoting cooperation among the Member Churches in the theological education of their ministers, with a mandate to:

1. Arrange for a consultation among representatives of the ICRC Member Churches for the purposes of exchanging information on current and planned programs of theological education for their ministers, discussing issues of mutual concern, and exploring ways for possible bi- or multi-lateral cooperation in theological education among the Member Churches.

2. Gather and study the relevant documents from the Member Churches regarding their policies for the preparation of men for the gospel ministry, including their operation (or approval) of seminaries and other programs of theological education, and to report on its study of these documents, as appropriate."

## ***DIE WOORDELOOS GENADETAAL***

*"En die Here het omgedraai en Petrus aangekyk".* Lukas 22:61

In die saal van Kajafas
staan Jesus,
geboeide hande.
Sy dissipels het gevlug,
Hy is alleen –
maar, met Sy Vader
innig verbonde
deur ewige bande.
Petrus is ook in die saal,
verloën sy Meester -
driemaal.
Onmiddellik kraai die haan.
Die Here het Hom omgedraai
en Petrus aangekyk –
Petrus onthou en verstaan.
Nogtans –
in die oë van sy meester
lees hy – hoe vér ook verdwaal,
oneindige liefde,
genadetaal.
Petrus vlug weg in die nag,
en ween – alleen.

*(Johan van Schaik : Gesny Uit Swakke Riet)*

## ***ALLERLEI***

### ***CHINA vs die CHRISTENDOM***

China het vandag 'n Christenbevolking van ten minste 80 miljoen. Hoewel die aangesig van vervolging baie verander het, word die Kerk onder China se minderheidsgroepe – veral die Moslemse "Uyghurs" en die Boeddhistiese Tibettane – inderdaad steeds erg vervolg. Die regering vervolg hulle, want hulle word beskou as deel van 'n lastige minderheid. Die plaaslike gemeenskapsleiers, Boeddhistiese priesters en Moslemse Mollahs, vervolg hulle ook,

want hulle distansieer hulself van sekere praktyke in die gemeenskap as gevolg van hul Christengeloof. Tot die middel van die 1990's was die Chinese Kerk se grootste behoefte Bybels. Maar vandag is die behoefte aan Bybels "grootliks bevredig" aangesien die plaaslike kerke in staat is om Bybels self te finansier, te druk en te versprei. Die dringende behoefte vandag is om te verseker dat Christene gedissipel word en dat Christenleiers opgelei word, sodat die Chinese Kerk kan voortgaan om in volwassenheid te groei.

## ***FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING***

**PREDIKANT**
Dr. Douw Breed
Duikerlaan 52
MONUMENTPARK
012 460 0700

**SKRIBA**
Eddie Trollip
083 230 4245

**ATTESSKRIBA**
Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

**OUDL SKRIBA**
Corrie Skinner
082 494 0309

**VOORSITTER DIAK.**
Loutjie Coetzee
083 457 8489

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**e-pos kerk**:nwgkw@telkomsa.net

**webwerf**:
www.gkwaterkloofrand.org.za
Op die webwerf kan u etlike jare se preeksketse van dr. Douw lees en daar is ook skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

**SONDAGKOSTER:**
Hein Wichmann 072 605 8675

**WEEKKOSTER:**
Nienke vd Walt: 083 398 9080

**KANTOOR:** Nienke vd Walt
012 460 6925 en 012 998 0912

**KANTOORURE:**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd die kantoor skakel en jou oproep sal beantwoord word omdat die telefoon herlei is na die selfoon.

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk:**
ABSA : Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

**Diakens:**
ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

**PARKERING**
Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat.(die terrein word gesluit gehou tydens die diens)

**PREEKVERDUIDELIKINGS**
Tydens oggenddienste word die preek van die oggend vir die kindertjies vanaf 4 jaar tot die in graad 4 deur 'n suster of susters in die saal verduidelik. Dit vind net plaas as dr Douw preek en ook nie gedurende vakansies en langnaweke nie. Dit word slegs tydens die preek en onder toesig van die beurtsouderling gedoen.

**FOTO'S** van die gemeente se lidmate kan besigtig word op die kennisgewingbord op die stoep van die kerkgebou.

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE
VAN DIE HEL
SAL DIT NIE
OORWELDIG NIE